



Geloof, hoop en liefde

Jan Kriel-leerders en gesinne is bevoorreg om die kennis en toewyding van 'in-house' terapie- en ondersteuningsdienste te ervaar. Meeste skole het 'n groot tekort aan leerderondersteuning en selfs in ander spesiale-onderrig skole is dit 'n daaglikse behoefte.

Vir 'n hele paar jaar dien Jan Krielskool as 'n Bronnesentrum vir leerders, opvoeders en gesinne van ander skole en gemeenskappe. Dit behels die deel van studiemateriaal en klankopnames vir alternatiewe assesserings doeleindes asook die opleiding van opvoeders. **Die IO-(Inklusiewe Onderwys) span** ondersteun leerders deur middel van toetsing, diagnoses, uitwys van struikelblokke en aanbevelings vir akkommodasies en intervensies. Meer onlangs het die Wes Kaapse Onderwys Departement 'n platform – 'No child left behind' – bekend gestel. Hierdeur word die IO-span verder bemagtig om ander skole, leerders en families buite die mure van Jan Kriel met hul kennis en toewyding as Bronnesentrum te ondersteun.

Opleiding oor 'n verskeidenheid onderwerpe (waaronder Spesifieke Leergestremdheid en Uitvoerende Breinfunksies) word vir personeel by hul eie skole aangebied. Die afgelope twee jaar het die IO-span, bestaande uit 'n Opvoedkundige Sielkundige, Arbeidsterapeut, Spraak- en Taalterapeut en Leerondersteuningsonderwyseres, twee suksesvolle ouerklinieke by Happy Valley Primêre Skool in Kuilsrivier aangebied. Dit behels 'n ses-weke program vir Graad R ouers waar inligting oor vroeë kinderontwikkeling gedeel en idees vir stimulasie en ontwikkeling verduidelik word, terwyl die nodige apparaat en hulpmiddels om tuis te gebruik, aan die ouers verskaf word. Happy Valley se gemeenskap en skool het geen toegang tot hierdie tipe dienste of ondersteuning nie, dit terwyl die nood en behoefte daaraan baie hoog is.

“Ons het nie al die antwoorde nie, maar wat ons het, gee ons.”

– Dr. Mariette van Niekerk, Opvoedkundige Sielkundige

Die IO-span luister na die ouers se verhale rondom die moeilike pad wat hulle met hul kinders wat swaarkry loop, help om diagnoses te verduidelik en die impak wat dit het op die totale funksionering van die kind en die invloed daarvan op gesinslewe.

“Ons verseker ouers dat dit wat hulle voel en ervaar normaal is. Ons help hulle om 'n ompad en 'n T-aansluiting te sien eerder as 'n doodloopstraat. Op die ou end kry ons span baie meer daaruit as die ouers, want ons voel ons kon geloof, hoop en liefde deel.”





TEKKIE CHALLENGE BARS UIT SY NATE!

Jan Kriel se jaarlikse Tekkie Challenge het Saterdag, 6 September in pragtige lenteweë plaasgevind. 'n Rekordgetal van sowat 3 000 deelnemers het die 5km-pretloop, die 10km "Battle of the Sexes" en die 16km-uitdaging vir langasems aangedurf.

"Die ondersteuning vanuit Kuilsrivier, Jan Krielskool se familie en vriende, die groter hardloopgemeenskap, sakeondernemings wat hul werknemers in grootmaat ingeskryf het en natuurlik Food Lover's Market as hoofborg, is regtig 'n riem onder die hart. Ons is nederig dankbaar."
- Ds. André van Wyk, besturende direkteur

'n Reuse **DANKIE aan FOOD LOVER'S MARKET** wat weereens die hoofborg was. Die Tekkie Challenge het vanjaar beslis uit sy ou nate gebars met sowat 1 000 deelnemers meer as verlede jaar. Hierdie byeenkoms se inkomste word geoormerk vir sport en sportontwikkeling by die Jan Krielskool, wat meestal duur, spesialisatoerusting vir gestremdes insluit.

"Dit bly vir ons 'n voorreg om die Jan Krielskool met die Tekkie Challenge te ondersteun. Ek het self aan die 16km wedloop deelgeneem en die gees was ongelooflik. Hierdie span straal soveel warmte en toewyding uit, en hul betrokkenheid in die gemeenskap pas perfek by Food Lover's Market se waardes. Mag die Tekkie Challenge net van krag tot krag groei."
- Bianca Nel, Food Lover's Market Bemerkingsbestuurder

Nog foto's aanlyn beskikbaar by www.tekkiechallenge.co.za.



Jan Kriel Team 2025: Zinray Buis, Chase Winshaw, Brendan Jantjies, Recharadt Koster, Anel Oosthuizen, Junade Langenhoven, Mbali Ntlokoma, and Shaphiro Konstabel. Reserves who assisted during the season: Elihle Mcoseli, Aso Monwabise, and Diego Saal.







IN A LEAGUE OF THEIR OWN!

Table Cricket originated in London, designed as an adapted, inclusive form of cricket for learners with physical disabilities. Each team consists of 7 players (6 active and 1 reserve).

Jan Kriel School started with Table Cricket as a sport last year and this is the team's first year playing in the league. Participation has grown steadily, with mostly physically disabled learners forming our team. Learners have already shown great enthusiasm, and this year they competed in the league matches run by Sporting Chance, a non-profit organization that coordinates the Western Cape Table Cricket League.

Supported by staff and parents Jan Kriel placed 2nd overall in the 2025 league, winning 4 out of 7 matches. This is a fantastic achievement in such a short space of time and we are proud of the dedication shown by our players. The season will conclude at the Table Cricket Festival on 27 November 2025, where teams from across the province will come together for the finals and a celebration of this inclusive sport. Wishing everyone involved the best of luck!



JAN KRIEL WYNVEILING 2025



Jan Kriel se Wynveiling is weereens gesêen met besondere wyne geskenk deur meer as 100 wynplase en individue. Meer as die helfte van dié wynplase skenk reeds tussen 10-20 jaar wyn vir hierdie jaarlikse geleentheid, terwyl bykans 20 kelders vir die eerste keer 'n donasie gemaak het.

Hierdie jaar het die 160 gaste wat die aand bygewoon het voorwaar 'n rekord "oes" opgelewer met meer a R650 000 wins vir die kinders van Jan Krielskool!

Dankie aan elke kelder, besigheid en vriend wat getrou 'n bydrae gemaak het. Jul ondersteuning is van onskatbare waarde.

Jan Kriel Instituut se vorige direkteure het hierdie jaar die wynveiling bygewoon. Vlnr Ds André v Wyk (2021-), Dr Fanie Herholdt (2003-2021) en Ds Francois Cillie (1991-2002)

Dis die naam van **Sumarie Greyling (née Jordaan)**, Jan Kriel hoofmeisie van 2018, se lied wat sy in 2019 geskryf het. Haar doel met dié lied: om mense se persepsie oor persone met gestremdhede te verander. En dit het nie daar gebly nie.

Tans skiet sy aan 'n splinternuwe TV program vir VIA met die titel... **Verander Jou Siening!**

"Dis tyd om die stigma rondom gestremdheid te breek en ware hoop te bring!"

In Verander Jou Siening word bekende Suid-Afrikaanse persoonlikhede uitgedaag om hul persepsies te toets, hul gemaksones te verlaat, en eerstehands te ervaar hoe dit voel om met 'n gestremdheid te leef.

"Ons is dieselfde, ons doen dinge net 'n bietjie anders".

Jan Kriel is baie trots op jou Sumarie!

"Dis nie net 'n program nie, dis 'n beweging. 'n Reis van begrip, menswaardigheid en verandering."

Hou die VIA kanaal dop in 2026 — dis iets wat jy nie wil mis nie!

Posbus 650
Kuilsrivier, 7579
NPO 301696
PBO 930081236



☎ (021) 903 0434
✉ info@jankriel.co.za
☎ 0682801787
🌐 www.jankriel.com

Gee 'n Kind 'n Kans!



Absa Bank
3010141566
Kuilsrivier
Tak 632005

SWIFT CODE
ABSA ZAJJ



Kuns & Kultuur

Jan Kriel se eerste Laerskool Kultuuraand was 'n groot sukses! Verskeie leerders het die geleentheid aangegryp om hul talente met ons te deel – van dans, sang en gedigte tot 'n pragtige kooroptrede. Kreatiewe leerders het ook die kans gehad om hul kunswerke te vertoon en daarmee te spog. Wat dit nog meer besonders maak is dat, alhoewel sommige leerders uitdagings ervaar, hulle geensins teruggestaan het nie en met selfvertroue op die verhoog uitblink het.

Die aand is op 'n hoogtepunt afgesluit toe al die personeel saam met die leerders die bekende liedjie 'Stand by Me' gesing het, 'n besonderse manier om ons skool se leuse – **ONS BOU** – te beklemtoon. Só word daar gewys dat onderwysers en leerders skouer aan skouer staan om hindernisse te oorkom en saam die beste moontlike uitkoms te bereik!



"Ek is hier vir die kinders"

Suzette Goldie het gedurende Septembermaand 20 jaar diens by die Jan Kriel Instituut gevier.

Hier vertolk sy verskillende administratiewe rolle, onder meer fondswerwing, projek koördinering en hantering van die databasis - alles alles wat die hart van die Instituut se werksaamhede help klop.

Dankie Suzette!



LIGGIEBOOM

**JAN KRIELSKOOL
KUILSRIVIER**

GRATIS LED-LIGGIE
VEILIGE PARKERING
LEERDERS-OP TREDES
KOSSTALLETJIES
DANKSEGGING
AANSKAKEL VAN LIGGIEBOOM
PLUS VOLLENGTE VERTONING:

Saterdag
29
NOVEMBER

Leah



Kaartjies aanlyn www.liggieboom.co.za